

Festival voor het Afrikaans
11 Februarie 2013

# Gedigtewedstryd aangebied deur die Festival voor het Afrikaans en die Nederlandse Taalunie

## Algemeen

Die tweede Afrikaanse Fees, oftewel "Festival voor het Afrikaans" vind van 14 tot 16 Junie 2013 plaas in Den Haag se Theater aan het Spui. Dit word voorafgegaan deur 'n Afrikaanse rockkonsert in Die Melkweg in Amsterdam op die 13de Junie. Die doel van die fees is om Afrikaans by Nederlanders en Vlaminge bekend te maak. Die verwantskap tussen Afrikaans en Nederlands bied 'n pragtige ruimte aan mense om op taalgebied met mekaar in kontak te tree, en lekker te gesels oor die ooreenkomste, maar ook die verskille tussen die tale. Die program van die fees weerspieël verder die diversiteit van gemeenskappe wat Afrikaans as eerste, maar ook as tweede of derde taal praat.

## Die Gedigtewedstryd

Die fees wil graag soveel moontlik mense in Nederland, Vlaandere en Suid-Afrika entoesiasties maak vir die mooi en unieke band tussen Nederlands en Afrikaans. Daarby vind ons dit ook belangrik om die publiek, en ook die jonger generasie aktief te betrek. Daarvoor het die "Festival voor het Afrikaans" met finansiële ondersteuning van die Nederlanse Taalunie 'n gedigtewedstryd vir amateurs in die lewe geroep (vir amateurs).

***Die tema van die gedigtewedstryd is "Tussen Ons", die verwantskap tussen Afrikaans en Nederlands; tussen Suid-Afrika en Nederland/ Vlaandere. Daar moet by voorkeur (tot 'n mindere of meerdere mate) verwys word na die huidige, aktuele situasie, maar vir die res geld digterlike vryheid.***

## Kategoriee

Die wedstryd bestaan uit die volgende kategorieë:

- Kategorie A1: Afrikaans vir volwassenes (18 jaar en ouer)
- Kategorie A2: Afrikaans vir die jeug (12 tot en met 17 jaar)
- Kategorie NL1: Nederlands vir volwassenes (18 jaar en ouer)
- Kategorie NL2: Nederlands vir die jeug (12 tot en met 17 jaar)

*Belangrik: de ouderdom van deelnemers is die ouderdom soos aan die begin van die feees (13 Junie 2013)*

## Die Reëls

- Die gedig moet in Afrikaans of Nederlands wees.
- Die gedig moet nie meer as 200 woorde wees nie.
- Die gedig moet by die tema hou, om in aanmerking te kom vir 'n prys.
- Die geldige ouderdom is die ouderdom soos van die digter op die begin van die fees: 13 Junie 2013.
- Die beoordelingskomitee kies die wenners.
- Die gedigtewedstryd is uitsluitlik vir amateurs.
- U gedig moet per email ingestuur word na (gedig@festivalvoorhetafrikaans.nl). Meld asseblief op elke inskrywing die volgende:
    - Naam en adres
    - Ouderdom op 13 Junie 2013 en geboortedatum.
- Die sluitingsdatum vir inskrywings is 30 April 2013.

## Beoordeling

Die mooiste gedigte word volgens die beoordelaarskomitee aangewys. Die komitee bestaan uit Ronelda Kamfer (digter/Suid Afrika), Stef Bos (musikant & digter/Nederland), Ena Jansen (digter/Suid Afrika & Nederland), Helena Hettema (musikant & digter/Suid Afrika) en moontlik nog 'n vyfde persoon.

## Pryse

**Die pryse** per kategorie is as volg:

Kategorie Afrikaans vir volwassenes (18 jaar en ouer):

1e prys: EUR 500,-

2de prys: EUR 250,-

Kategorie Afrikaans vir die jeug (12 tot en met 17 jaar)

1de prys: EUR 250,-

2e prys: EUR 125,-

Kategorie Nederlands vir volwassenes (18 jaar en ouer)

1e prys: EUR 500,-

2e prys: EUR 250,-

Kategorie Nederlands vir die jeug (12 tot en met 17 jaar)

1e prys: EUR 250,-

2e prys: EUR 125,-

- Wenners uit Nederland en Vlaandere mag hulle gedigte kom voorlees by die fees en kry ook gratis toegang tot die fees in Nederland, maar reiskoste na die fees word nie vergoed nie.

- Vir die wenners uit Suid Afrika wag ’n verrassing, die TV-kanaal KykNet en MK maak moontlik ’n spesiale gedigfilm van die Suid Afrikaanse wengedigte.
- Die feesorganisasie behou haarself verder die reg voor om die gedigte te gebruik tydens die fees en vir promosiedoeleindes.

## Meer oor die Borg – die Nederlandse Taalunie

Die Nederlandse Taalunie is ‘n verdragsorganisasie waarin Nederland, Vlaandere en Suriname met mekaar saamwerk. Hulle werk is daarop gerig om te sorg dat wie ook al Nederlands gebruik of leer daarvoor op alle moontlike steun kan reken. Vir meer informasie oor die Nederlandse Taalunie, gaan na: http://taalunie.org/

## Tydskema

| Datum | Aksie |
|---|---|
| 1 Maart | Gedigtewedstryd skop af |
| 30 April | Einde van wedstryd |
| 1 Mei | Beoordeling skop af |
| 22 Mei | Einde van beoordeling |
| 13 Junie | Rockkonsert in Amsterdam (De Melkweg) |
| 14-16 Junie | Die “Fees” in Den Haag (Theater aan het Spui) |